

# PAARL-SKOOL
NUUSBRIEF 2/2021

# PAARL SCHOOL
NEWSLETTER 2/2021

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

### "To Dream the Impossible Dream."

As skoolhoof word daar van my vereis om ook skool te hou en lesse aan te bied. Ek is vir die afgelope vyf jaar of meer getaak om studiemetodes en loopbaanbegeleiding met Gr. 6-8 leerders te hanteer. Wat 'n wonderlike voorreg om met die "droomwêreld" van ons leerders te werk! My eerste tuiswerkopdrag vir ál my klasse, sommer met die intrapslag is om huis toe te gaan en te gaan droom. (Julle moet die gesigte dan sien.)

Dit is eintlik skrikwekkend om te hoor dat byna geen 12–15 jarige kind al begin wonder het wat hy/sy eendag wil word nie. Gewoonlik wil 4 jariges of 'n "Polisie" word of "Ironman" of 'n brandweerman, maar dan kwyn daardie droom stelselmatig, wat dui op een of beide van die volgende – onsekerheid of groei.

Ek skaar my by die magdom bronne wat sê: "If you can dream it, you can do it" - *Walt Disney*, maar daar is voorwaardes aan verbonde, net soos meeste dinge in die lewe. As volwassenes weet ons dat om jou drome te bewaarheid, moet jy geleenthede gebruik, soms geleenthede skep, geduldig wees, getrou dit doen wat op jou tafel lê – dis ernstige dinge dié. Daar is 'n magdom voorwaardes, ek glo selfs Walt Disney sou dit beaam het.

Leerders vra my dikwels, mag ek my "droom" verander? Beslis ja! Dit sê vir my een ding, naamlik dat jy groei! Dan is daar ook die groot uitdaging van jou "omstandighede" wat 'n groot rol in 'n mens se lewe speel, maar seker die grootste faktor wat drome beïnvloed en strem, is "verkeerde keuses"!

Om laasgenoemde te voorkom, is daar die raad en teregwysing in die Bybel: "Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak." - *Spreuke 3:6.* As die Here se stem duidelik in jou hart is, dan sal keuses maklik wees. Aai, as alles maar so maklik was!

U is my vennoot in die kweek, snoei en rigting gee van u kind se drome – ek sal my deeltjie doen en as u, u deeltjie doen, bly daar net die deeltjie van u kind oor. Dink daaroor – as u, u droom sou kan leef, wat 'n plesier sou werk nie gewees het nie, ten spyte van die opdraendes. Help my om by die kind 'n droom aan te moedig en dan oor te gaan tot aksie met die stem van die Here in hul harte.

Geniet die vakansie saam met u kind.

Groete
Stoffel Kruger

Droom
GROOT

## Tokyo Paralimpiese Spele

"A winner is a dreamer who never gives up"

*- Nelson Mandela -*

Ons het met trots ons Suid-Afrikaanse Paralimpiese atlete ondersteun wat aan die Paralimpiese Spele in Tokio deelgeneem het. Ons Wes -Kaapse Paralimpiese atlete het ons trots gemaak. Anruné Weyers het 'n goue medalje in die 400m gewen. Pieter du Preez het goud gewen in die mansfietsry. Anika Pretorius, Charl du Toit, Dyan Buis, Jonathan Ntutu, Kerwin Noemdo, Mpumelelo Mhlongo, Zanele Situ en Reinhardt Hamman is almal Paralimpiese atlete uit die Wes -Kaap wat Suid -Afrika verteenwoordig het.

# Hoofleiers

## DERDE KWARTAAL



Kian Smith



Deon Smidt

# Akademie

## Tegnologie

Paarl-skool gebruik tegnologie voluit om te verseker dat ons leerders onafhanklik kan funksioneer. Afrikaans- en Engelssprekende leerders luister na Suid-Afrikaanse stemme wat teks op die rekenaar lees. Leerders gebruik dan stemherkenningsagteware om vrae mondelings op die rekenaar te beantwoord.

75% van die leerders in Graad 4 - 9 het die afgelope kwartaal van ondersteuning in die toetsreeks gebruik gemaak. Dit sluit enige van die volgende in: leser, skrywer, struktuurhulp, ekstra tyd, persoonlike assistent, gebruik van die rekenaar of hulpmiddels ("assistive devices").

# Lente is in die lug

**Paarl Skool het Lentedag gevier en "Kinders met Kanker Bewustheidsmaand" ondersteun deur iets geel te dra!**












**LENTE:** *'n Wonderlike herinnering aan hoe* **MOOI** *verandering werklik kan wees!*



# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase se leerdertjies geniet die warm sonskynweer! Om buite te kan speel na die lang nat winter is groot pret. Van klim-en-klouter, swaai en in die sandput baljaar, kan hulle nie genoeg kry nie. Deur buite te speel, ontwikkel hul grofmotoriese asook sosiale vaardighede!







## Grondslagfase

Ons sê dankie vir ons Hemelse Vader dat hy ons so mooi gedra het deur hierdie kwartaal en veral met COVID. Dit gaan goed in die Grondslagfase. Ons is ook geseën met 'n nuwe klas-assistent, Kaylinn Hermanus in Graad 2. Baie welkom! Ons hoop jy is gelukkig by ons en dat jy lekker saam met ons sal werk.

Hierdie kwartaal was ons leerders lekker besig met Eisteddfod kuns. Hulle het dit vreeslik geniet om hulle kreatiewe kant na vore te bring. Ons fase was ook bederf met twee sandbakke waarmee leerders pouses kan speel. Baie dankie aan Mev. Annatjie Koster en haar borge. Dit verskaf die leerders hope pret! Ons sal beslis nog meer sandbakke moet aanskaf.









## Junior Praktiese Fase

Die winter is verby! Vrydag 17 September was 'n heerlike sonskyndag en die Junior Praktiese Fase het lente-piekniek gehou! Bont komberse en kussings het die speelterrein versier en piekniekmandjies met die heerlikste kos is uitgepak. Na die lekker eet het van die seuns sokker gespeel en daar is uitbundig op die gras rondgerol. Die meisies het die geleentheid gebruik om lekker met mekaar te gesels. Die opvoeders het die kinders op 'n afstand waargeneem en gekyk hoe lekker hulle speel en lag. Ons besef net weer dat speel noodsaaklik is vir optimale ontwikkeling van 'n kind. So word ons kinders speel-speel slim!







# Intermediêre Fase

Die leerders het bewys dat skool en die leerproses lekker en opwindend kan wees!




## Senior Fase

Die Senior Fase het in Kwartaal 3 skouer aan die wiel gesit om al hulle assesserings te voltooi. Die leerders was besig met projekte in die onderskeie vakke waaronder die EBW se tuinmaak projek baie opwinding verskaf het. Die graad 9's het ook litte losgemaak tydens die Zumba-sessies waaraan hulle deelgeneem het. Ons was verheug om te sien hoe baie die leerders dit geniet het om in 'n meer sosiale omgewing te wees. Daar is definitief danstalent in die Senior Fase.







## Senior Praktiese Fase - Werksvoorbereiding

Werksvoorbereiding het weer hierdie kwartaal gewoel en gewoeker met werkskadu en opleidingsgeleenthede vir hul skoolverlatersgroepe. Daar is 'n koffiewinkel gehou waar die heerlikste eet en drinkgoed voorberei, verpak en afgelewer is aan opvoeders. Ons doen ook werkskadu en kontrakwerk. Ons het onder andere 'n oorbelprojek en 'n Barista van Soul Coffee wat elke 2 weke vir ons leerders indiensopleiding bied. Een van ons leerders gaan elke 2 weke vir 'n oggend na McDonalds vir werkskadu. Ons leerders het ook 'n bietjie gewerk saam met van ons skoonmakers. So ontwikkel ons leerders hulle werksvermoëns.











# Handfunksie projek



Imogen Barker en Stacey Booysen werk hard aan die Praktiese Fase se handfunksie en AAK projek wat volgende jaar in die Junior klasse geloods word. Hulle spandeer elke beskikbare oomblik om boksies te verpak en te merk. Dit vind plaas onder leiding van die arbeidsterapie departement wat help met die identifisering van aktiwiteite wat dan gemaak en verpak word deur die twee hardwerkende dames. Ons is trots op hulle!

# Loslitdag

Loslitdag is ‘n fondsinsamelingsgeleentheid wat jaarliks gedurende die eerste week in September plaasvind en dit word gevier om ‘n bewusmaking te kweek vir persone met gestremdhede en spesiale behoeftes. Plakkers word aan lede van die publiek verkoop en persone kan volgens ‘n spesifieke tema aantrek. Deelname aan pret-aktiwiteite bevorder spangees en ‘n samehorigheidsgevoel. Loslitdag was nog altyd ‘n spesiale dag op die Paarl-skool kalender. Daar is hierdie jaar geskiedenis gemaak toe die dag op twee agtereenvolgende Vrydae, 3 en 10 September gehou is, sodat alle leerders die dag kon vier. Hierdie jaar se tema was "Courage and Kindness" en almal het dit geniet om volgens hierdie tema aan te trek. Die verskillende fases het ‘n verskeidenheid aktiwiteite aangebied, met inagneming van die Covid-regulasies. Almal op die skoolterrein het ‘n bederfpakkie met eetgoed ontvang, met komplimente van die Paarl-skool Ontwikkelingstigting. Baie dankie aan almal wat hul Loslitdagplakkers by Paarl-skool gekoop het. Die skool ontvang R8 vir elke R20 plakker wat verkoop is. Ons waardeer die ondersteuning opreg! Volgende jaar maak ons weer sol

